

20 September
(1953 Vertaling van die Bybel)
(Teks: Prediker 4:17)

Prediker 4:17-5:6

God se Lam verlos en versterk

Vir 'n kind van God is die erediens sekerlik die heel belangrikste geleentheid in die uitlewing van sy godsdiens.

Die prediker praat in hierdie verband van "jou naderkom na die huis van God." As jy na die huis van God kom (kerk toe gaan), moet jy weet jy kom nie na 'n konsert of 'n orkesuitvoering nie, maar jy kom in die teenwoordigheid van die God, ja, jy kom om die lewende God van hemel en aarde te ontmoet deur die liturgiese handeling van die erediens!

Daarom dat die Prediker sê jy moet "ag gee op jou voet" - dit wil sê, jy moet baie goed nadink presies waarheen jy Sondagoggend op pad is en jousef liggaamlik en geestelik voorberei, sodat jou naderkom met ontsag en bedagsaamheid sal wees.

Die verborgenheid van jou ontmoeting met die HERE tydens die erediens is dat dit alles genade is: Jesus Christus het deur sy soendood die skeiding (voorhangsel) tussen jou en God kom verwyder. Jy kan nou naderkom en *ingaan* na God toe. En die Heilige Gees wat sondaarharte verander, gee jou die geloofskrag vir ootmoedige voorbereiding.

Hoe gee jy dan ag op jou voet vir die ontmoeting? * Deur al heel vroeg Sondagoggend met 'n gebed te begin: "Vader in die hemel, dit is die dag van grote dinge! Lei my deur u Gees om rustig te word, gee my u vrede as ek oppad is na u huis."

* Deur vroegtydig by die kerkdeur in te stap en jou te laat meeneem en opneem deur die orrelspel. * Deur die aangeduide psalms te lees en die woorde jou eie te maak en die Skrifgedeelte te oordink.

In jou hart word dit dan: "Spreek HERE, want u dienskneg luister!"
Sing Psalm 84:1 en 5 Ds. R.L. Vorster (Odendaalsrus)